

Dood vir die Sonde Eng/Afr.

Uittreksel van Pastoor Neseer se preek: B164

Skriflesing uit: Rom.6:1-23

Kernvers: 4 –‘Ons is dus saam met Hom begrawe deur die doop in die dood, sodat net soos Christus uit die dode opgewek is deur die heerlikheid van die Vader, ons ook so in ‘n nuwe lewe kan wandel.’

Geliefdes, as daar twee feite in die lewe is wat seker is dan is dit die ‘dood’ en die ‘lewe’. Die Apostel Paulus skryf hier in Romeine en bou ‘n magtige en heerlike saak hieroor op vanaf hoofstuk 1. Hy praat van die heiden wat afgesny is van God; niks te doen het met Sy wette nie en vasgevang is in sonde.

Dan bring hy dit egter nader ook na ons toe. Hy praat veral met dié wat die wet van God ken en in die 3de hoofstuk sê hy dat ons het almal gesondig en dit ontbreek ons aan die heerlikheid van God. Daar is niemand regverdig nie, ja! selfs nie een nie.

Maar God het ons regverdig deur die bloed van Sy Seun. Aan die einde van die 4de hoofstuk vers 25 sê hy: ‘wat oorgelewer is ter wille van ons misdade en opgewek is ter wille van ons regverdigmaking.’

Dis ‘n heerlike en magtige betekenis – die eerste is baie duidelik: 1) Christus het gesterwe terwille van ons sonde; 2) Hy is opgewek terwille van ons regverdigmaking. Dit beteken: God het Hom opgewek, omdat Hy ons regverdig gemaak het.

Die Opstanding is die bewys dat God die Vader die prys vir ons regverdigmaking in die hemel aanvaar het. In hoofstuk 5:1 sê hy: ‘Omdat ons dan uit die geloof geregverdig is, het ons vrede by God deur onse Here Jesus Christus.

Om hierdie rede hoef ons nie meer te leef volgens die ou natuur en orde van dinge nie, want ons is saam met Christus gekruisig en nou leef ons nie meer vir onself nie maar vir Hom – tot eer van God.